# TEKEN: KOUKIE KARRETJIE




**Benodighede:**

1. Verskillende tipe karretjies.
2. Verskillende kleure koukies.
3. Masking tape
4. Groot vel wit papier.

STAPPE

1. Die onderwyser plak die koukies met masking tape aan die agterkant van die karretjie vas.
2. Sy plaas dan n groot vel wit papier op die grond en gee die koukie karretjie vir die leerders.
3. Die leerders teken dan met die koukie karretjies.





WAARDE VAN DIE AKTIWITEIT

Die leerders gaan die volgende leer:

1. Fynmotoriese vaardighede deur teken.
2. Hand-oog Koordinasie.
3. Kreatiwiteit.
4. Groot motoriese vaardighede deur die arm bewegings om die karretjies oor die papier te beweeg.

# KLEI: KONSTRUKSIE




**Benodighede:**

1. Groen en geel klei.
2. Verskillende karretjies bv konstruksie voertuie.
3. Pad tekens.

STAPPE

1. Gee vir die leerders die groen en geel klei en Voorsien aan hulle die nodige speelmateriaal bv konstruksie voertuie en pad tekens.
2. Die leerder bou nou sy eie konstruksie perseel soos in die fotos gesien.





# TEKEN: Oliepastelle

Die leerders gaan 'n prent wat handel oor vervoer met oliepastelle teken op 'n swart papier.






Benodighede:

1. Swart papier.
2. Oliepastelle.

**STAPPE**

Die leerders kry n swart papier en hulle moet dan n prent van enige tipe vervoer middel met die oliepastelle teken.



# VERF: Aartappel vorms

Die onderwyser sny vorms uit n aartappel uit: boot, wolkies, son en golfies. Die leerders gaan 'n prent hiermee skep.



Benodighede:

1. Aartappels met vorms in gesny.
2. Verskillende kleure verf.
3. Bakkies vir verf.
4. Wit papier.


**STAPPE**

1. Die leerders neem die aartappel drukkers en druk dit in die verf.
2. Die leerder druk nou die aartappel drukker op die papier.
3. Die leerder skep sy eie boot toneel.





# AKTIWITEIT: TROK UIT STROOITJIES






**Materiaal wat benodig word:**

1. Strooitjies.
2. Koeldrank doppies
3. Wit papier met die buitelyn van 'n trok op.
4. Gom.
5. Sker.

**Stappe wat gevolg moet word:**

1. Die leerder neem die strooitjie en knip dit volgens die lengte wat hy/sy dit wil he.
2. Die leerder plak dit strooitjies op die trok.
3. Die leerder kan die doppies neem en dit op die wiele van die trok plak.



# AKTIWITEIT: VINGERVERF

Die leerders gaan vingerverf. Die leerders kan enige vervoermiddel vingerverf.





**Materiaal wat benodig word:**

1. Vingeverfverf resep.
2. Wit papier.

Die onderwyser Gaan haar eie vingerverf vir die leerders aanmaak. Die resep is as volg:

**VINGERVERF RESEP**

**Bestanddele:**

1 pakkie plakpapiergom

'n bietjie minder as 2 liter warm water in 'n 2 literbottel poeierverf

**Metode:**

1. Gooi die plakpapiergom in die 2 literbottel.
2. Vul die bottel tot amper bo met warm water.
3. Skud tot die gom opgelos is.
4. Laat oornag staan.
5. Gooi soveel van die mengsel as wat vir elke kleur benodig word uit in verskillende houers.
6. Gooi omtrent 1 eetlepel poeierverf van verskillende kleure in die houers.
7. Meng dit goed in die gommengsel. Dit vorm 'n dik pasta en is gereed vir gebruik.

:





# AKTIWITEIT: BORD KRYT

Die leerders gaan 'n prent teken met bord kryt op 'n swart papier.




Materiaal wat benodig word:

1. Swart papier.
2. Verskillende kleure bord kryt.

Die leerder neem die swart papier en teken met bord kryt enige iets wat handel oor vervoer.






# BAK EN BROU: APPEL KARRETJIE




Die leerders gaan 'n appel karretjie maak uit appels, druiwe en tandestokkies.

**Benodighede vir resep:**


1. Appels - in skywe gesny.
2. Druiwe - in ringetjies gesny.
3. Tandestokkies.



**Stappe om die appel karretjie te maak:**

1. Die Juffrou sny vooraf die appel in skywe en die druiwe in ringetjies.

2. Die leerder neem 'n appel skyf en druk twee tandestokkies, een agter en een voor, in die appel in.





3. Die leerder druk dan vier druiwe ringetjies in die tandestokkies in as die wiele van die karretjie.

# AKTIWITEIT: TOILETROL TREIN

Die leerders gaan 'n trein maak uit toiletrolle.



**Materiaal wat benodig word:**

1. Toiletrolle.
2. Verskillende kleure verf.
3. Verskillende kleure karton.
4. Gom.
5. Sker.
6. Watte.
7. Paper clips.
8. Wasgoedpennetjie.

**Stappe wat gevolg moet word:**

1. Die leerder gaan vier toilet rolle neem. Hy gaan dan die toilet rolle verf. Hy kan dit enige kleur Maak wat hy dit graag wil he.



2.  Die leerder gaan dan die paper clips neem en die verskillende toilet rolle aan mekaar vassit om n lang trein te vorm (soos in die foto gesien).



3. Die leerder gaan dan die trein versier deur wiele uit karton uit te sny. Die leerder kan ook 'n uitlaatpyp vir die trein maak deur 'n wasgoedpennetjie te gebruik. Die leerder neem die watte en maak vir die trein rook wat by sy uitlaatpyp uitkom.




# AKTIWITEIT: EIER BOKSIE BOOT

Die leerders gaan 'n bootjie uit 'n eier boksie uit maak.




**Materiaal wat benodig word:**

1. Eier boksies.
2. Verskillende kleure verf.
3. Sosatie stokkie.
4. Papier.
5. Gom.
6. Sker.
7. Tou.

**Stappe wat gevolg moet word:**

1. Die leerder sny die eier boksie in die helfte. Elke leerder gebruik slegs 'n halwe eier boksie.
2. Die leerder verf sy boksie enige kleur wat hy dit wil he.
3. Die leerder druk dan die sosatie stokkie in die middel van die eier boksie.
4. Die leerder span dan die tou aan weerskante van die sosatie stokkie om dit sterker te maak en bind dit dan onder die boksie vas (soos gesien in die foto).





5. Die leerder maak dan vir die boot 'n seil en Maak dit aan die tou en aan die sosatie stokkie vas.
6. Die leerder kan nou die boot verder versier.

# AKTIWITEIT : VERF MET KARRETJIES/TREINTJIES




**Materiaal benodig vir die aktiwiteit:**

1. Akriel verf -verskillende kleure.
2. Karretjies of treintjies.
3. Wit vel papier.

## Stappe:

1. Die leerder neem die wit vel papier en spuit bolletjies verf op die een punt van die papier ( soos gesien in die foto).
2. Die leerder neem nou sy karretjies of treintjies en sit dit in die verf. Die wiele van die treintjie/karretjie is nou vol verf. Die leerder neem nou die karretjie en Ry met dit oor die wit papier (soos gesien in die foto). Hy gebruik dus die karretjie om mee te verf

